**Woensdag 21 September**

**Skrifgedeelte: Titus 1:10-16**
**Fokusgedeelte: Titus 1:16**

## Onegte belydenisse

Kreta skep die indruk van ’n idilliese, romantiese, Mediterreense eiland. Dit skep verder die indruk van ’n groep inwoners wat in vrede en geluk saamleef. Dit lyk egter of die teenoorgestelde eerder waar is – in elk geval 2000 jaar gelede.

Op min plekke in die Bybel het Paulus sulke harde en ongenaakbare woorde vir mense soos vir ’n deel van die Christelike gemeente op Kreta. Hy sê: “Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie.”

Wat het hulle verkeerd gedoen? Wat was dit wat hulle verstand en gewete besoedel het? Die antwoord is eenvoudig. Hulle het ’n affiniteit gehad vir ander dinge as vir die God wat hulle bely het. Hulle het aan Joodse verdigsels vasgeklou. Dit is dinge wat mense uitgedink het en wat nie van God af kom nie. Hieraan het hulle waarde geheg en dit vir die waarheid verkondig. Geen wonder nie dat een van hulle eie profete sê dat hulle leuenaars is. Die ironie is dat hulle bely dat hulle God ken. So ’n belydenis is egter ’n leë belydenis. Dit het geen krag nie. Dit is nie opreg nie.

Hierdie feit illustreer aan ons die gevaar van woorde wat nie deur dade bevestig kan word nie. God wil egte mense hê wat egte belydenisse uitspreek. Wanneer Christus deur sy Gees in jou woon, moet jy leef wat jy bely. Christus Self gee sy bruid die krag om Hom ook met haar lewe lief te hê.

Wees versigtig om te maklik jou affiniteit vir God te bely. Maak eers doodseker dit is opreg. Anders is dit ’n liggewig belydenis. Ons belydenisse moet gedra word deur ’n onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die waarheid wat van ons God af kom – ongemeng met enige menslike sentimente.

*Sing: Psalm 86:4 (2001)*

*Dr. SF (Francois) Kruger (Middelburg-Noord)*